25 MAART 2020
HERDERSBRIEF #11

Geliefde Gemeente,

Met hierdie skrywe wil ek graag prakties wees. Vergun my, om dit waarmee ons besig is in *"Genesis huis"*, met u te deel.

Soos reeds vermeld in 'n vorige skrywe, het ek in my gees ervaar dat die beginsel van: ***"Koop die tyd uit"*** nou produktief aangewend kan word.

Soos in baie administrasies en huishoudings is daar maar altyd – in die gejaagde tyd waarin ons lewe – dit wat agterweë bly.

Die tegnologie maak dit nou moontlik, om noodsaaklike besigheidsbestuur van die huis af te kan doen.

Soos u weet, werk ons tans hier in Genesis huis, met beperkte mannekrag – ons is slegs drie personeellede – en vra u voorbidding.

Hier is van die projekte wat ons alreeds afgehandel het en waarmee ons tans besig is:

- Die uitstuur van herdersbriewe – verg baie gebed – met die uitsluitlike doel, om rigtinggewend en ondersteunend te wees. Ons stuur die herdersbriewe tans aan die totale databasis.
- Ons het alreeds die kruidenierskaste: skoongemaak, uitgepak en 'n inventaris opgestel.
- Ons het alreeds al drie eiendomme binne deeglik skoongemaak.
- Ds. Wills is besig om die dakke en geute skoon te maak.
- Ons dank aan Willie Spangenberg wat ons so mooi bygestaan het, om die Hester Myburgh-leefarea moontlik te maak.
- My persoonlike liassering en argiefmateriaal word gekategoriseer.
- Dan word die Rekordkamer van die bediening, sowel as die liasseerstelsel opnuut georden.
- Die koerant argief – wat vir die afgelope 20 jaar op rekord is – word daagliks hanteer.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

- My persoonlike rekordkamer – Digby 386 – word hersien en herrangskik.
- Ons beplan, om alle kantgordyne te was.
- Die biblioteek – veral stapels boeke wat ons as ‘n donasie ontvang het – is in ‘n proses om gesorteer en geberg te word.
- Die “viniel-plaat-versameling”; kassetbande; cd’s; skyfies; video’s – multimedia – gaan ons ook versorg.

Ek wil by die geleentheid aan Ds. Wills en Brigitte Kroese baie dankie sê vir hul insette, harde werk en bystand.

Ek wil u aanmoedig, om as familie, kwaliteit-tyd saam deur te bring.

Kom ons hou ons besig met die positiewe.

Ek ervaar vreugde en vrede.

Ek bid u toe seën – nie ‘n maalkolk van self-vernietigende ***“wellus”*** nie – maar die seën van die Here, wat u sal ***“verryk”.***

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335